

# Die Christen gelowige in beproewing

Teks: 2 Korintiërs 1: 3 - 11  
Teksvers: 2 Korintiërs 1: 4 & 5

## 1. Inleiding

Ek wens ek kon vanoggend voorspoed, vrede, rykdom en veral gesondheid beloof. Ek meen u is mos immers deel van die gemeenskap van die gelowiges. Ons aanbid mos die skepper en onderhouer van die heelal of hoe? En is dit daarby nie my taak, as bemarker van die hemelse koninkryk om presies ook dit te doen nie? Word ons nie juis stil voor die woord van die Here vir hoop nie?

Wel as dit die verwagting is, het ek slegte nuus vanoggend. In ons teksgedeelte praat Paulus juis oor die slegte tye wat hy en die lidmate van Korinte ervaar. Eerstens ervaar Paulus intense lyding, soos duidelik in vers 8 geopenbaar sien, maar nie net hy nie. Uit sy brief is dit duidelik dat hy weet die ontvangers van die brief ook ly.

Maar is geloof nie dan sinneloos nie. Veral as geloof vir jou lyding bring of skynbaar nie in staat is om jou te verlos van die lyding rondom jou nie? Is dit dan nog die moeite werd? Miskien is dit juis wat 'n mens nou begin waarneem, veral in hierdie krisistyd. Want mense wat hulle geloof geskoei het op die eenvoudige voorspoed ten spyte van alles negatief rondom hulle, begin nou swaar kry.

Dit bring ons vanoggend voor die vraag of die Here ons dan in die steek laat in hierdie moeilike tye? Want dit lyk of die pandemie eenvoudig net voort gaan en al hoe meer en meer lewens eis. Daarby is daar ernstige skade aan die ekonomie en middele om te oorleef. Op die oog af lyk dit nie of 2021 'n voorspoedige jaar gaan wees nie. Is daar werklik dan nog iets waaroor 'n mens bly of selfs net dankbaar kan wees? Kom ons luister na die inleiding van Paulus se brief aan die Korinte.

## 2. Beproewing en verdrukking

Soos ons reeds duidelik gestel het, het ons te doen met beproewing en verdrukking in ons teksgedeelte. Maar om werklik die beproewing of verdrukking te verstaan, is dit nodig om so 'n paar tree terug te neem. Waar kom beproewing en verdrukking dan vandaan? en hoekom is dit al van die vroegste tye af die mens se lot?

Beproewing en verdrukking het nog altyd bestaan, selfs onder die beste regerings en omstandighede vir die mense. Want dit bestaan al sedert die sondeval in Genesis 3. Die mens in sy opstand teen die Here bedink en doen die bouse. En daarby verseker 'n vervloekte aarde dat daar ook nog siekte en ellende ook is. Iets wat ons in onlangse tye baie goed begin besef het.

Maar asof hierdie algemene ellende oor almal nie erg genoeg is nie, is daar nog meer probleme vir die Christen gelowige. Want dit ook die verbinding aan Christus wat uiteindelik vir die gelowige verdere beproewinge bring. Dit is duidelik in ons teksgedeelte dat Paulus hulle lei oor hulle verbintenis aan Christus. Vers 5 koppel die lyding van Paulus hulle baie nou aan die lyding van Christus. Christus sê immers self in Matteus 10: “<sup>22</sup>Julle sal ter wille van my Naam deur almal gehaat word” en “<sup>24</sup>”n Leerling is nie hoër as sy leermeester en 'n slaaf nie hoër as sy eienaar nie.”

Ons weet dat Paulus, soos die ander apostels juis vervolg word oor sy verkondiging van die evangelie. En selfs vandag staan die wêreld vyandig teenoor die Christendom. Dink maar net hoe vinnig die Christene belaglik gemaak word oor verdraaide sienings oor die Covid pandemie. Hoe vinnig word die effek en hulp wat geloof kan bied in hierdie tye van

die tafel afgegee. Want vir die wêreld vandag is die gemiddelde Christen gelowige 'n mos net 'n navolger van 'n sameswerings teorie, en daarom eintlik ook opslag 'n vyand.

### 3. Bemoediging en troos

Ons kan begin deur te sê dat selfs 'n uiters gevorderde wetenskap en mediese ontwikkelings nie die wêreld kon red uit die kloue van die huidige pandemie nie. Die grootste gedeelte van die wêreld word tans vir 'n tweede keer tot stilstand gedwing deur die pandemie. En dit is eintlik op die ou einde kenmerkende van al die antwoorde wat die wêreld bied. Ons almal ken gespreke in die rigting van vrede maak, want die situasie sal net verder versleg.

Maar dit is dan juis hier waar die boodskap in ons teksgedeelte so anders is. Want as ons mooi na ons teksverse kyk, dan sien ons iets van 'n ewewig raak. 'n Duidelike ewewig tussen beproewing en bemoediging. Soos die een meer word, so word die ander een ook meer. Met ander word hoe meer die Apostels beproef word, hoe meer word hulle ook bemoedig.

En dit juis hier waar ons daardie unieke verbintenis tussen die gelowige en Christus raaksien. Die oorfloed lyding wat Christus ondergaan het. En dan die gelowige wat deur die Heilige Gees so verbind is aan Christus dat die lyding van Christus vir hom toegereken word. En as gevolg van hierdie toerekening is die offer ook gebring vir die gelowige se sondes.

Maar dit is dan die verdere verbinding deur die Heilige Gees wat vanoggend, selfs in die moeilike omstandighede ook vir ons hoop gee. Dit is die verbinding aan Christus in Sy oorwinning oor die sonde, en opstanding uit die dood. Dit wat die gelowige laat beseft dat hierdie jammerdal wat ons hier beleef, nie die laaste sê oor ons het nie. Ons sal saam met Christus alle beproewing oorkom en verlos word van alle boosheid.

Dit is die bemoediging en troos wat opgesluit lê in die ware geloof. Dit is nie 'n onwerklike goedkoop belofte dat niks negatief jou ooit sal tref nie. Nee, dit is die belofte dat maak nie saak wat jou tref nie, jy is nie alleen en verlore nie. Daar is 'n hoër hand, wat jou daardeur sal dra.

### 4. Groter as myself

Maar hierdie onselfsugtige karakter van die Christelike geloof gaan ook verder. Dit gaan verder as die blote individu. Want sien in die mens se selfsugtigheid misbruik hy selfs in sy selfsugtigheid, sy geloof om maar bloot homself te dien. Baie mense benader juis geloof met die idee van wat kan ek daaruit kry. En as iets vir 'n naaste gedoen word, is dit bloot om die individu nog beter oor homself te laat voel.

Maar dit is juis hier waar ons teksvers ook 'n ander, beter boodskap het. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging wat waarmee God ons bemoedig. Die einddoel van die bemoediging van die gelowige Christen is nooit bloot hom/haar self nie. Dit moet deurvloei na 'n wêreld waar dit nodig is. Waar dit die enigste ware hoop kan gee.

Wanneer ons, ons geloofslawe op hierdie manier beskou, dan begin 'n ander waarheid vir ons duidelik word. 'n Mens se geloofslawe, eintlik ons hele lewe hier op aarde is nie maar bloot 'n vakansie nie. Dit is nie 'n lui lekker lewe waarin ons as verlostes, maar bloot doelloos kan rondobber nie.

In vers 9 maak Paulus dit duidelik dat hierdie dinge gebeur het, sodat hulle kan leer om nie op hulleself nie, maar net op God alleen te vertrou. Iemand wat 'n duidelik opdrag en roeping het om uit te leef in hierdie wêreld het hierdie tipe hulp nodig. Wanneer 'n mens eenvoudig saam met die stroom gaan, en die boosheid om jou eenvoudig laat voort gaan, is 'n vastigheid nie nodig nie. Maar wanneer ons, ons Godgegewe roeping uitleef, kan

ons nie anders as om die die krag van die Here te vertrou nie.

Daarom al wil die selfsugtige wêreld om ons dit nie herken nie, hou die Christen geloof ook selfs voordele vir hulle in. Omdat die Christelik geloof soveel groter as die individu is, baat selfs die ongelowige daarby, sonder dat hy/sy dit eers werklik besef.

## 5. Slot

Ons het begin deur te verwys na die idee dat die Christelike geloof nie eenvoudig voorspoed, veral in hierdie bedeling beloof nie. En soms is dit moeilik vir mense om juis so 'n geloof aan te hang. 'n Geloof waar hulle geen voordeel ontvang nie. 'n Geloof waarin opoffering en selfs pynlik vervolging wag. En miskien is dit waarom die Christelike geloof soms gewildheid verloor.

Maar wanneer ons mooi na die saak kyk, dan het ons in die prediking gesien dat ons verkeerd na die saak kyk. Die probleem is die dat die mens eenvoudig voortdurend bederf wil word, ondanks die feit dat hy/sy die verkeerde ding doen. Maar dit is nie waaroor die Christelike geloof gaan nie. Want in hierdie bedeling ontvang ons nie bloot alle voorspoed soos gesien deur die wêreld nie.

Wat ons absoluut uit genade van die Here ontvang is die verlossing. Verlossing uit die bose wat ons in die wurggreep van die dood gehou het. Nou is ons verlos, en kan ons as verlose mense 'n verskil gaan maak. Ons kan kan ander mense gaan bemoedig met die hoop wat in ons leef. In hierdie hoop kan ek ook my roeping gaan uitleef. My roeping wat werklik die wêreld 'n beter plek kan maak. Kom ons gebruik hierdie jaar, om te midde van al die uitdagings en beproewinge, werklik 'n bemoediging vir mekaar te wees.

Amen